


Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest
Vertaal deur: Hannelie Niemandt
Aangepas deur: Lyn Doerksen

Storie 54 van 60

**www.M1914.org**

***Bible for Children,*** *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans








Nee! God het nie misluk nie. Jesus het nie 'n fout gemaak nie. Jesus het altyd geweet dat Hy doodgemaak sal word deur bose mense. Toe hy 'n baba was het Simeon vir Maria gesê van die hartseer wat voorlê.

3



'n Paar dae voor Jesus dood gemaak is, Het 'n vrou duur parfuum op Jesus se voet kom uitgooi. "Sy mors geld" het die disipels kla. "Sy doen 'n goeie daad" het Jesus gesê. Na dit het Judas een van Jesus se twaalf dissipels ooreengekom met die hoëpriester om Jesus te verraai vir 30 silwer geld stukke.

4



By die Joodse Paasfees, het Jesus die laaste nagmaal saam met sy dissipels geëet. Hy het hulle vertel van die wondelike dinge wat wag vir die mense wat aan Hom gehoorsaam is. Toe het Jesus vir hulle brood gegee en ook die beker om te drink. Dit was om hulle te herrinner dat Jesus se liggaam en bloed sondes vergewe.

5

Toe het Jesus vir die dissipels gesê dat hy verraai sal word en dat hulle almal van Hom af sal weghardloop. "Ek sal nie weghardloop nie" het Petrus gesê. "Voor die haan kraai sal jy drie keer sê jy ken my nie." Het Jesus gesê.



6



Later daardie selfde nag het Jesus na die tuin van Getsemanie gegaan om te bid. Maar die dissipels het aan die slaap geraak. Jesus het gebid, "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."

7

Skielik was 'n hele klomp soldate in die tuin, Judas was voor in die groep. Jesus het nie baklei nie, maar Petrus het 'n man se oor af gekap. Jesus het die man se oor weer terug gesit en dit gesond gemaak. Jesus het geweet dat dit deel van God se plan was dat Hy gearresteer moet word.



8


Die soldate het Jesus na die Hoëpriester se huis gevat. Daar het die Joodse leiers besluit om Jesus dood te maak. Petrus het daar naby gestaan en gekyk wat gebeur. Drie keer het mense vir Petrus gesê "Jy was by Jesus" Drie keer het Jesus gesê dit is nie so nie. Hy het tot gevloek en gesweer om vir die mense te wys dat hy nie vir Jesus ken nie.
9
COCK-A-DOODLE-DOO
Toe het die haan gekraai. Petrus het onthou wat Jesus vir hom gesê het en hy het baie hartseer gehuil.
10
Judas was ook jammer. Hy het geweet dat Jesus geen sonde gedoen het nie. Hy het die 30 stukke silver terug gevat maar die priesters wou dit nie terug vat nie. Judas het die geld neergegooi en weggegaan en hom self gaan ophang.
11
Die priester het vir Jesus na Pilatus gebring die Romeinse governeur. Maar hy het vir Hulle gesê. "Ek vind in hierdie man geen skuld van dinge waarvan julle Hom beskuldig nie;" Maar die mense het aanhou skree, "Kruisig Hom, Kruisig Hom".
12
Pilatus het vir die mense geluister en het Jesus gevonnis om op 'n kruis te sterf. Die soldate het vir Jesus geslaan en in sy gesig gespoeg. En 'n kroon gemaak van dorings en dit op sy kop gesit. Hulle het hom toe op 'n houtkruis vasgespyker.
13
Jesus het ook geweet dat hy op daardie manier sal dood gaan. Hy het ook geweet dat sy dood vergifnis vir sondaars sal gee as hulle in hom glo. Daar was twee kriminele saam met Jesus gekruisig. Die een het geglo en Jesus het vir hom gesê jy sal saam met my in die Paradys wees.
14




Die Kruisiging

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 26-28, Lukas 22-24, Johannes 13-21

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!